AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Intern:* STUDENTELEWE

PAARL

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2026 tot Desember 2026 ’n internskap in die Studentesake-afdeling op die Paarl-kampus beskikbaar. Die pos rapporteer aan die bestuurder: Studentesake in die Paarl en sal nou met die Studentesake-personeel in Pretoria saamwerk.

## POSDOELSTELLING

Die posbekleër sal met die Studentesake-afdeling saamwerk om studenteaktiwiteite vir voltydse kampus- asook nauurse afstandstudente te beplan, uit te voer en by te woon.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Die uitvoer van geïdentifiseerde studentelewe- en studenteondersteuningsprojekte.
- Die bied van algemene ondersteuning aan die studenteleierskapstrukture.
- Die ondersteuning van studentelewe- en studenteondersteuningsprojekte en -inisiatiewe.

## POSVEREISTES

- Finalejaarstudente wat ingeskryf is vir of reeds oor ’n B-graad in Projekbestuur, Bemarking, Kommunikasie en/of Onderwys of ’n gelykstaande kwalifikasie beskik.
- Ervaring in ’n administratiewe rol.
- Blootstelling binne die uitvoering van studenteaktiwiteite of ’n goeie begrip van studenteaktiwiteite sal in die kandidaat se guns tel.
- Dit is belangrik dat die kandidaat met Akademia se waardes en vormingsideaal vereenselwig.

## VAARDIGHEDE

- Administratiewe en organiseringsvaardighede
- Interpersoonlike vaardighede
- Goeie skakel- en kommunikasievaardighede
- Konflikbestuurvaardighede
- Die vermoë om onafhanklik én in spanverband te werk
- Moet maklik by verskeie situasies kan aanpas
- Probleemoplossingsvaardighede
- Moet onder druk kan funksioneer
- ’n Positiewe ingesteldheid, dryfkrag, motivering en inisiatief hê
- ’n Liefde vir Afrikaans hê
- ’n Ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 22 Augustus 2025 ingedien word.** Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.